# Sondag, 16 Januarie 2022

**Skriflesing:** Lukas 11:1-12

**Tema:** Om God se oor te kry.

## Skriflesing

**Lukas 11:1-13 (Die Bybel 1983)**

**Onderrig oor die gebed**

[1]Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom:
“Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.”
[2]En Hy sê vir hulle: “Wanneer julle bid, sê dan:
“Vader, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom.
[3]Gee ons elke dag ons daaglikse brood;
[4]en vergeef ons ons sondes,
want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie.”
[5]Verder sê Hy vir hulle: “Sê nou een van julle het 'n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na
hom toe en jy vra: ‘Vriend, leen my bietjie drie brode, [6]want 'n vriend van my wat op reis is, het by
my aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.’ [7]En die ander antwoord van binne af:
‘Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit, en ek en my kinders is al in die bed. Ek kan nie
opstaan om dit vir jou te gee nie ...’ [8]Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat
hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie
skaam om aan te hou vra nie.
[9]“Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal
oopgemaak word. [10]Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal
oopgemaak word. [11]Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal
gee in plaas van die vis? [12]Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? [13]As julle wat sleg is,
dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal
die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”

**“Wie ‘n kind van God is, luister na die woorde van God.” –** Johannes 8:47a

## PREEK

**Broers en susters in onse Here Jesus Christus:**

Hoe lyk u jaar wat voorlê?

Ons almal het ons dagboeke en ek is seker dat daar ‘n hele klomp dinge beplan lê vir u in hierdie jaar. U het die gemeente se kalender daar agter gesien en u sal sien dat daar baie beplande dinge is vir die jaar by die gemeente. Elke een van ons se beplanning is ook opgedeel in ‘n jaar, ‘n kwartaal, ‘n maand en ‘n week. En ek en jy hardloop in hierdie wieletjie van die more tot die aand.

Miskien sê u, “nie alweer die ou selfde dinge hierdie jaar nie.” Of dalk het u ten minste ‘n paar nuwe dinge vir uself en u gesin ingedagte vir die jaar. Hoe dit ook al sy, ek dink in dit alles, is dit goed om God se oor te hê.

Soms as ek mense vra, “hoe gereeld bid julle?”, dan skram mense weg van die vraag af, of hulle bid ‘n roetine, of hulle bid so dan en wan. Maar as ons na Jesus kyk dan leer ons in hierdie gedeelte ‘n gebruik wat ons, ons eie moet maak. Hierdie gebruik is baie handig wanneer ons ‘n jaar aanpak, ‘n kwartaal, ‘n maand, ‘n week. Hierdie gebruik bemagtig ons en maak ons so sterk dat ons enige dagboek beplanning, uitdaging of struikelblok kan aanvat, uitsorteer en oorkom. Miskien bid u gereeld, maar hierdie vertelling moedig ons aan vir as ons bid.

**Uitbou**

Eerste ding wat ons moet opmerk is dat Jesus gereeld gebid het. En Hy, klink dit, het vir ons gebid. In Psalm 109:4 word daar voorspel dat Jesus vir ons almal gebid het - *My liefde beantwoord hulle met vyandskap, en dit terwyl ek nog altyd vir hulle gebid het.*

Jesus het vir ons God se liefde kom wys, maar mense het Hom gekruisig en te midde daarvan het Hy vir ons gebid.

As jy die evangelie van Lukas deur lees dan sal u dit sien. Jesus het gebid:

By Sy doop.

Gedurende Sy versoeking deur die satan in die woestyn.

Baie keer teen ‘n berg uit.

Soms deur die nag gebid.

Hy het alleen gaan bid.

En hier in vers 1 lees ons dat Hy - *êrens op 'n plek besig was om te bid.*

Ons sien dan dat die dissipels nie te ver van Jesus af was nie en iets het hulle oog en oor gevang, daarom kom vra hulle vir Jesus om hulle te leer bid. Daar is hierdie twee dinge wat hulle geroer het om vir Jesus te vra om hulle te leer bid –

1) Jesus het altyd gebid en Hy het klem daarop gelê dat gebed een van die grootste noodsaaklikhede was vir menslike bestaan. Hy het die heeltyd daarop aangedring dat gebed die bron van Sy krag was om te lewe en God te dien. Daarom was die dissipels honger vir dieselfde bron van krag om te lewe en God te dien.
2) Jesus het gebid as die Seun tot Sy Vader en daardie intimiteit het die dissipels geroer om dieselfde soort verhouding met God kon hê.

En hier is ‘n paar stukkies gereedskap wat u solank kan knoop vir u gesprek/gebed met God, want ons hoor hoe Jesus hulle leer bid. En as u mooi luister dan word dit ook u hulpmiddel om met krag en ywer in hierdie jaar te funksioneer.

Jesus begin sê –

**Dank God vir twee dinge.**

1 – Dat Hy ons Vader is. Ons het ‘n ouer, kind verhouding met God. Ons is familie en nie vreemdelinge nie.

2 – Dank God vir die hemel. Die hemel is die geestelike dimensie waarvan jy reeds deel is en niemand kan die hemel van God se kinders af weg neem nie.

Dan sê vir hulle –

**Prys God**

Sy Naam is heilig, uniek, anders. God is heilig, regverdig, suiwer, liefdevol, vriendelik, genadig, grasieus. Daarom moet God geprys word vir wie Hy is!

**Versoek God veral vir vier dinge.**

1) Bid dat God se koninkryk mag kom. M.a.w. dat Jesus se heerskappy gevestig sal word hier op aarde.
2) Bid vir daaglikse brood. Dis die daaglikse noodsaaklikhede fisies en geestelik.
3) Bid vir vergifnis. Maar met die wete dat ons ander moet kan vergewe, want hoe kan ons dan verwag die Here moet ons vergewe.
4) Bid vir verlossing van bose, versoeking, die satan wat jou probeer vasvang.

Dan kom Jesus by ‘n vertelling uit wat baie waardevol vir jou is wanneer jy bid en dinge van God vra. Jesus praat dan hier oor die mense se deel in gebed. Die punt wat Jesus hier wil maak is dat – volharding en uithouvermoë ontvang wat dit vra. Die gelowige sal ontvang wat hy vra as hy/sy ...

- Nie God se troon verlaat nie
- Nie sal weg gaan nie
- Nie vir God alleen sal laat nie

Hoe bid jy?
So eenkeer? Miskien ‘n paar keer? Dan se mense baie keer dat die Here hoor my nie. Jesus sê baie duidelik dat ons moet aanhoudend moet bly bid. Die hele punt wat Jesus maak is dat jy wat bid moet opreg bid uit jou hart, vurig bid, konstant bid, volgehou bid, met uithouvermoë bid, volhardend bid.

Jesus sê jy moet aanhoudend vra vir wat jy nodig het.
Vra en vir julle sal gegee word. Maar as vra dit nie ontvang nie, dan...
Soek en julle sal kry. Maar as jy soek en dit nie ontvang nie, dan...
Klop en vir julle sal ook gemaak word.
Die punt is dit: Ons moet bedoel wat ons bid en die manier hoe ons vir God ons opregtheid, ons eerlikheid wys is om aanhoudend te vra vir dit wat ons nodig het. Die werkwoorde hier – vra, soek, klop is aanhoudende aksie. Ons moet aanhou vra, soek en klop. God sal hoor en antwoord.

Wat het hier gebeur?
Ons hoor eers by Jesus –

**Die mens se deel in gebed – vers 5 - 10**

‘n Man word hier in die middel van die nag wakker geklop deur ‘n vriend wat kos soek om vir sy gas te gee. Dit uit einde is dat of die vriend nou wou opstaan of nie, daardie vriend gaan nie ophou vra tot dat hy gehelp word nie. Die van ons wat ouers is sal weet as jou babatjie in die middel van die nag huil en aanhou en aanhou dan maak dit nie saak of jy lus is of nie, jy staan op en jy help die kind.
Ons aanhoudende vra vir die Here se hulp is ‘n aanduiding van ons opregtheid.

En dan sê Jesus dat God gewillig is om te gee. Ons wat kinders van God is kan vrede vind in die feit dat wanneer die omstandighede van die lewe moeilik raak, sal God die teenwoordigheid en krag van die Heilige Gees vir jou gee om jou deur te dra.

Neem ook kennis dat God altyd ons gebede verhoor, maar somtyds moet die antwoord 'nee' wees. Hoekom?
Want wat ons soms vra is nie altyd goed vir ons nie, en God sal altyd doen wat goed vir ons is.

Dan kom Jesus by
**God se deel in gebed – vers 11-13**
Jesus vertel dan vir die dissipels dat God se deel in gebed is dat God nie boos is nie, maar Hy is goed net soos 'n aardse goeie vader goed is vir sy seun. En Jesus maak die punt duidelik met drie illustrasies en in al drie het ons gelees van hoe 'n vader teenoor sy seun sal optree.

Die grootste ding wat God ons gee is die Heilige Gees. M.a.w. God gee Homself om in jou te wees. Hy is die heeltyd in jou teenwoordig en as Hy in ons teenwoordig is dan is elke goeie ding verseker. Wanneer ons die Heilige Gees het, dan hoef ons nie te bid na God asof Hy verweg verwyderd van ons af is nie, Hy is in jou en Hy is met jou in alles. En dit beteken dat ons nooit moet vergeet dat God voorsien daagliks. Hy voorsien nie net een keer vir die res van ons lewe nie. Ons kan nie sy voorsienigheid opgaar en onsself dan van Hom losmaak nie, en ons durf ook nie selftevrede raak nie. As dit voel of jou geestelike krag min raak, vra jouself dan af hoe lank jy al ver van die Bron af lewe en kom dan eerder daagliks terug na die Bron, na God in gesprek met Hom.

Gee God vir ons enige iets wat ons wil hê?
God gun ons enige iets, maar Hy gee vir ons altyd dit wat ons nodig het! Kyk na jou lewe en jy sal dit raak sien.

**Slot**
Wat is nou ons gevolg trekking?
Eenvoudig gestel – Kry God se oor.

Broers en susters, maak van gebed ‘n gesprek met jou hemelse Vader. Bid elke dag regtig soos ‘n kind wat met sy/haar liefdevolle vader gesels. As jy nie so ‘n vader ken nie, dink aan daardie ideale voorstelling van ‘n goeie vader.

En dan leer Jesus –

Dank God vir die feit dat Hy jou Vader is en dank Hom dat jy deel is van Sy hemel.

Prys God.

Versoek God vir dat Sy koningryk vir almal op aarde belangrik word,

versoek vir daaglikse brood, fisies en geestelik,

versoek vergifnis en

versoek verlossing van versoeking en die bose.

En dan bid, aanhoudend vir die dinge wat jy nodig het, sonder om op te hou. Want deur so te bid wys jy jou opregtheid aan die Here. En dan, onthou dat God jou wil help en jou altyd sal antwoord. Soek God se oor, elke dag, elke week, elke kwartaal en elke jaar!

**Amen**